

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Eenheid in die Liggaam (Gemeente) van Yeshua

Die term “kerk” wat algemeen gebruik word, is nie Skriftuurlik nie. Daarom is dit noodsaaklik om eerstens te verstaan dat elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, deel is van die vergadering van uitgeroepes. Bevestiging hiervan vind ons in Matt. 16:15-18 waar Yeshua in gesprek is met Sy studentevolginge.

15 Hy sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”

16 Shim'on Kefa antwoord en sê: “U is dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”

17 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is geseënd, Shim'on, seun van Yoganan, want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die hemel is

18 en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My vergadering van uitgeroepes bou en die hekke van Sh'ol sal nie daarteen kan staan nie. Matt. 16:15-18.

Elkeen wat dus bely dat Yeshua dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God is, is deel van die vergadering van uitgeroepes en is Yisra'el volgens die nuwe verbond – die gemeente van eersgeborenes!

22 Julle het egter gekom by die berg Tziyon en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim en vergadering van tien duisende engele,

23 by die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die onskuldiges wat volmaak gemaak is. Heb. 12:22-23.

Ons moet egter verstaan dat Yisra'el van die ou verbond ook יהוה se vergadering van uitgeroepes was – ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde nasie (Ex. 19:6) en daar word telkens na hulle verwys as die “hele vergadering” (Ex. 12:6; Num. 15:15; Hebreeus: *kahal*).

Daarom is dit belangrik om te verstaan dat die “kerk” nie in Handeling begin het nie, maar slegs ‘n voortsetting is van die gemeente, naamlik die vergadering van Yisra'el, maar nou onder die bedeling van die nuwe verbond.

Yeshua is die geestelike Rots waaruit die hele vergadering van Yisra'el in die wildernistog se geestelike dors geles was (Eks 17:1-7; Ps 105:41) en ons, soos hulle, drink uit dieselfde Rots.

.....en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is en die Rots is dié Gesalfde Een. 1Kor. 10:4.

Hierdie vergadering van uitgeroepes staan ook bekend as die Liggaam van Yeshua soos die volgende teksverse bevestig.

net so is ons almal saam een liggaam in dié Gesalfde Een, maar elkeen afsonderlik lede van mekaar. Rom. 12:5

¹² want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook in dié Gesalfde Een,

¹³ want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink, 1Kor. 12:12-13.

²⁴ terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemate wat klein is oorvloediger waarde gegee

²⁵ sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee.

²⁶ Nou, as een ledemate ly, sal almal die pyn deel en as een ledemate hom verheug, verheug al die ledemate hulle saam

²⁷ en julle is die liggaam van dié Gesalfde Een en ledemate op julle plekke. 1Kor. 12:24-27.

Yeshua is ook die fondament waarop יהוה se geestelike tempel (huis, koninkryk) gebou word! 'n Fondament wat gegiet word op die Rots en waarop verder gebou word.

want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Kor. 3:11.

Hierdie tempel van God, waarin Sy Gees wat Afgesonderd is woon (1Kor. 3:16), sal al die storms van die lewe kan weerstaan!

⁴⁷ Elke persoon wat na My toe kom, My boodskap gehoor het en dit doen; Ek sal julle wys soos wie hy is:

⁴⁸ hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat diep gegrawe en die fondament op die rots gelê het en toe daar 'n vloed kom slaan die vloed teen die huis aan en kon dit nie skud nie, want sy fondament was op die rots. Luk. 6:47-48.

Eenheid in die vergadering van uitgeroepes

Volgens Matt. 16:15-18 is dit dus duidelik dat Yeshua die Rots is waarop die eenheid van die vergadering van uitgeroepes – die gemeente – gebou word.

Yeshua se gebed vir Sy studentevolginge, soos dit in Joh. 17:20-23 opgeteken is, bevestig die absolute noodsaaklikheid van hierdie eenheid!

²⁰ Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou

²¹ sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees.

²² Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het;

²³ Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Hiervolgens is dit duidelik dat Vader-God se meetsnoer van eenheid in Sy vergadering van uitgeroepes, asook waar gelowiges op gereelde basis as ‘n gemeente bymekaar kom, die volgende vereis:

- ❑ “sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees.” (vers 21).
- ❑ “net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het” (vers 22).
- ❑ “Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees” (vers 23).

Om volgens vers 23 “volledig een” te kan wees, beteken:

- ❑ Om in ’n verbondsverhouding met mekaar te leef! En in ’n verbondsverhouding is jou verbondsvennoot se belange belangriker as jou eie!! Dit is om onoplosmakend aan mekaar verbind te wees! Liefde vir medemens is die vervolmaking van die wet (Rom. 13:10). Dit is om nie net jou eie belange te soek nie, maar eerstens die belange van jou naaste (1Kor. 10:24).
- ❑ Om deel te wees van dieselfde liggaam en deel van dieselfde familie! Verwys: Hand. 4:32-35 – een van gedagte, wil, emosie en van gees; Rom. 12:5 – saam een liggaam in dié Gesalfde Een; 1Kor. 12:4-31 – eenheid van die liggaam ten spyte van verskeidenheid van lede; Efes. 2:19-22 – kinders van die familie van God en ‘n afgesonderde tempel in eenheid met God.

Indien ‘n gemeente nie volledig een kan wees soos Vader-God en Yeshua een is nie, dan is daar ‘n probleem wat van elkeen wat deel van die gemeente is, vereis om selfondersoek te doen!!

In dié verband is die volgende ook belangrik: Elkeen afsonderlik, en gesamentlik as gemeente, is die tempel van God (2Kor. 6:16). Daarom moet ons ernstig kennis neem van 1Kor. 3:16-17.

16 Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie?

17 Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle.

Verdeeldheid vernietig God se tempel en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal nie in die gemeente wees nie!! En nog belangriker: God sal die een wat skuldig is aan tweedrag en tweespalt ook vernietig!!

Die eenheid waarvoor Yeshua in Joh. 17:20-23 bid, is net moontlik vanuit dieselfde Geesgedrewe gedagtes, woorde en dade. Daarom skryf Sha’ul:

Ek versoek julle egter, broers, deur die Outoriteit en Karakter van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, om almal uit een mond te praat en dat daar nie verdeeldheid tussen julle sal wees nie, maar dat julle volmaak sal word in dieselfde gedagtes en in dieselfde opinie. 1Kor 1:10.

Tweedrag in ‘n gemeente, veral wanneer dit in tweespalt (skeuring) eindig se gevolge is altyd hartseer en vernietigend en baie selde die werk van die Afgesonderde Gees. Daar is nie wenners nie, maar slegs verloorders.

Tweedrag En Tweespalt

Hoewel skeuring baie selde die werk van die Afgesonderde Gees is, is die volgende wel grondige redes, maar slegs nadat alle ander pogings tot herstel van eenheid misluk het:

- ❑ Weiering om al tien die gebooie te onderhou!
- ❑ Seksuele immoraliteit en ander “kroniese” sonde (diefstal, oneerlikheid, ens.) van die leier en leierskap.
- ❑ Vals leerstellings, naamlik kernleerstellings wat nie Skriftuurlik gefundeer is nie. Meningsverskil oor ‘n bepaalde konsep of oor die verklaring van ‘n teksvers wat nie ewigheidswaarde het nie, is nie rede tot tweedrag nie!
- ❑ Kultusvorming en kultusneigings, naamlik beheer oor die gemeente of die groep. Die leier en leierskap is verantwoordelik vir dissipline, maar beheer is nie-Skriftuurlike eise of voorskrifte en is gelykstaande aan geestelike teistering (mishandeling). Die volgende twee artikels in die verband word aanbeveel: [Geestelike Teistering](#) en [Geestelike Teistering Deel 2](#)
- ❑ Ondoeltreffende leier, naamlik sonder ‘n visie en missie waarby die gemeente betrek word. Die leierskap het die verantwoordelikheid om die leier aan te spreek!

Tweedrag en tweespalt word veral veroorsaak deur gelowiges wat nie יהוה se gesagstruktuur van die nuwe verbond verstaan nie en hulle nie daaraan onderwerp nie. Dit is rebellie teen God!! Onthou: Die leier en leierskap sal, net soos die man in die huwelik, aan God rekenskap moet gee!

Eenheid word deur woorde gebou, maar net so is woorde gewoonlik die begin van verdeeldheid. Elkeen se woorde word gebore uit ‘n heersende gesindheid, naamlik waar die hart van vol is loop die mond van oor!! Woorde het skeppingskrag en lewe en dood is in die mag van die tong. Daarom het Yeshua gesê dat ons elkeen rekenskap sal moet gee van al ons woorde (Matt. 12:36-37)!!

³⁶ want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle ‘n antwoord moet gee in die oordeelsdag,

³⁷ want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word.”

Korag en sy bende (Num. 16:1-18:32) is die voorbeeld van hoe verdeeldheid in die liggaam van Yeshua veroorsaak word. Die les om uit Korag se rebellie teen יהוה en Sy leierskap te leer is dat ‘die formule’ vir rebellie die volgende elemente, volgorde en gevolge bevat:

Gegriefdheid (gebelgdheid) → bitterheid → skeiding → werwing van simpatiseerders → opstandigheid → beskuldiging en rebellie teen יהוה se gesag → omverwerping van יהוה se gesag → יהוה se oordeel → dood.

Die gees van Korag heers in die wêreld, maar is ook aanwesig in die liggaam van Yeshua, Sy gemeente.

Tweespalt is rebellie en is die magspel wat dikwels deur die wêreld gespeel word, maar ongelukkig ook dikwels deur gelowiges in Yeshua. Dit is ‘n gees wat nie aan leierskap wil

onderwerp nie en wat meer mag (gesag), asook groter beheer oor mense begeer. Die wortel is selfisme – die eie-ek wat nog nie gesterf het nie.

Die volgende is ook kenmerkend van selfisme:

- ❑ Weens rebellie word die stem van die Gees nie gehoor nie, maar wel vreemde “stemme”! Die gevolg is vatbaarheid vir valse leerstellings weens ‘n onleerbare gees.
- ❑ Selfsug: Beskerming van eie belange weens hoogmoed, veral geestelike meerderwaardigheid. Dit gaan hand-aan-hand met magsbeheptheid en soeke na aansien en erkenning.
- ❑ Vals motiewe: Onegtheid in woord en daad. Talle gelowiges speel “wegkruipertjie” met mekaar en dra maskers!! Hulle is dikwels meesters in die verberging van hulle ware gevoelens! Onthou egter dat Vader-God ken die gesindheid van elke hart!!

‘n Ware studentevolging van Yeshua se uitstaande kenmerk is selfverloëning! Dit is die kruisiging van die eie-ek (selfisme). Alleenlik dan sal elkeen ‘n Koninkrykvisie hê!! Elkeen se optrede in woord en in daad moet alleenlik in belang van die Koninkryk van God wees. Dit moet elkeen se maatstaf wees! Dit is die voorbeeld wat Yeshua gestel het en daarom het Hy gesê:

23 Hy sê voor almal: “Wie ook al agter My aan wil kom, moet homself ontken en sy kruis elke dag opneem en My volg,

24 want wie sy lewe wil red, sal dit vernietig, maar hy wie se lewe om My ontwil vernietig word, hy sal dit red. Luk. 9:23-24.

Onthou: Die enigste reg wat jy en ek het, is die reg om verontreg te voel, prys te gee!! Dit is wat Yeshua gedoen het!! Hy wat die afbeelding van God was het Homself gestroop en die gestalte van ‘n slaaf aangeneem!

5 Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is,

6 Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie,

7 maar Homself gestroop en die gestalte van ‘n slaaf aangeneem het in die vorm van ‘n mens en gevind is in die gedaante van ‘n man:

8 Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word. Fil. 25-8.

Alles gaan net oor die Koninkryk van God!! Niks gaan oor die Eie-Ek nie!!!

Wat van Hand. 15:36-41

Hand. 15:36-41 is ‘n voorbeeld van verdeeldheid tussen twee geestelike leiers, naamlik Sha’ul en Bar-Nabba. Terwyl hulle in Antiogea gebly het, het Sha’ul vir Bar-Nabba gesê: “Kom ons gaan terug en besoek ons broers in al die stede waarin ons die boodskap van God verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.” (vers 36). Bar-Nabba wou vir Yoganan, wat Markos genoem word, saamneem, maar Sha’ul het nie saamgestem nie. Hulle het sodanig verskil dat elkeen sy eie rigting gegaan het.

Bar-Nabba en Yoganan Markos het na die gemeentes in Kupros gegaan wat Bar-Nabba as leier geken en aanvaar het, en Sha'ul het Sila gekies en saam het hulle na die gemeentes in Sirië en Kilikia gegaan wat Sha'ul as leier geken en aanvaar het.

Maar let wel: Hulle verdeeldheid het nie die gemeentes negatief beïnvloed nie! Hulle het nie probeer om mekaar se “grondgebied” in te neem of “lidmate” af te rokkel nie! Hulle optrede het nie verdeeldheid in die gemeentes, naamlik in die vergadering van uitgeroepes veroorsaak nie!

Sha'ul en Bar-Nabba het waarskynlik hulle verskille bygelê aangesien Sha'ul later weer na Yoganan Markos verwys as mede-arbeiders (2Tim. 4:11; Filemon 1:24).

Is Tweespalt Sonde?

In die lig van die voorafgaande is die vraag: Is ongegronde tweedrag en skeuring in die Liggaam van Yeshua sonde?

In die verband moet Sha'ul se woorde in Gal. 5:19-2 onthou word waar hy ondermeer vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, afguns en hardkoppigheid as werke van die vlees beskou! Hierdie werke van die vlees is sonde en is die wortel van verdeeldheid! Sha'ul stel dit duidelik dat dié wat hieraan skuldig is, nie die Koninkryk van God sal erf nie.

¹⁹ maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid,

²⁰ aanbedding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe,

²¹ afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie.”

Hiervolgens is tweedrag en tweespalt sonde, want dit is die werke van die vlees van jaloesie, woede, afguns en hardkoppigheid!

Bevestiging dat verdeeldheid sonde is, vind ons ook in die geskiedenis van Yisra'el se swerftog in die wildernis waar יהוה telkens daadwerklik opgetree het wanneer daar verdeeldheid in die vergadering van Yisra'el was. Die rebellie van Korag en sy bende (Num. 16:1-18:32) en Mirjam en Aharon se kwaadspreek van Mosheh (Num. 12:1-15) dien as herinnering dat יהוה nie verdeeldheid in sy vergadering van uitgeroepes duld nie, maar dit oordeel en straf!

Ongegronde verdeeldheid is liefdeloosheid soos wat die Apostel Johannes in sy brief geskryf het (1Joh. 4:7-8; 20-21):

⁷ Julle vir wie ons lief is, laat ons mekaar liefhê, want liefde is vanuit God en elkeen wat lief het, is vanuit God gebore en ken God

⁸ omdat God Liefde is en elkeen wat nie lief het nie, ken God nie.

²⁰ As iemand sê: ‘Ek het God lief’ en sy broer haat, is hy ’n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie lief het nie, hoe kan hy God liefhê, wat hy nie kan sien nie?

²¹ Hierdie opdrag het ons van Hom ontvang: dat elkeen wat God lief het, ook sy broer moet liefhê.

Om jou broer te haat is om hom minder lief te hê as wat jy jouself liefhet! Onthou: Jy moet jou naaste liefhê net soos jouself (Matt. 22:39; Lev. 19:18).

Love your fellow man as yourself. You know that you have many faults;
nevertheless, you still love yourself. That is how you should feel toward your friend.
Despite his faults, love him!

Don't expect more from someone else than you expect from yourself!

Die vraag is: Wat is ware liefde?

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Moenie sê dat jy iemand liefhet, terwyl jou liefde nie aan hierdie maatstaf voldoen nie, want dan is jy 'n leuenaar en ken jy nie God nie!!

Slotgedagtes

Kan ons eerlik sê dat ons die seën, soos wat dit in Psalm 133 beskryf word, sal ondervind terwyl daar verdeeldheid in die vergadering van uitgeroepes is? Nee, want waar verdeeldheid heers sal die kosbare olie van die Afgesonderde Gees nie die vergadering van uitgeroepes van kop tot tone bedek nie, en יהוה sal nie sy seën daar gebied nie! יהוה sal nie deur Sy Gees in die midde van 'n verdeelde liggaam woon nie! Dit wat as eenheid en samehorigheid ervaar word, voldoen nie יהוה se standaard nie!

Yeshua het gebid en gesê:

Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het. Joh. 17:22.

Ware Geesvervulde eenheid in die vergadering van uitgeroepes sal dus die bewys wees dat יהוה-God vir Yeshua na hierdie wêreld gestuur het!

Dit herinner ons aan die profesie van Yegesk'el oor die eenwording van die twee huise van Yisra'el wat in Yeshua vervul is:

26 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal 'n ewige verbond met hulle wees en Ek sal hulle vermenigvuldig en Ek sal My Afgesonderde Plek in hulle midde opstel vir ewig.

27 My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees

28 en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra'el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees. Eseg. 37:26-28.

Die dag wanneer ons as Yisra'el, naamlik elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is, as 'n eensgesinde vergadering van uitgeroepes funksioneer, sal יהוה se Afgesonderde Plek vir ewig in ons midde wees. Dan sal die nasies weet dat יהוה ons God is en ons Sy volk!

Die laaste in die siklus van Vader se Vasgestelde Tye is 'n profetiese heenwysing na die wederkoms van Yeshua om self יהוה se Koninkryk hier op aarde te vestig en om self te regeer as die Koning van konings. Gedurende hierdie tydperk sal יהוה sy verbondsvolk bestaande uit gelowiges van die mak olyfboom, waarop die wilde olyftak ingeënt is (Romeine 11), vir ewig

met Hom verenig. Dit wat die Almagtige met Avraham begin het, sal HY in hierdie tydperk voltooi en afhandel.

Totdat dit bereik is moet ons onthou dat die vergadering van die uitgeroepes die gebou van יהוה-God is (Efes. 2:20-22) en dat die “bouwerk” daaglik voortgaan.

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, dié Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot ’n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot ’n blyplek van God in die Gees.

Ons elkeen is ’n lewende steen in hierdie gebou (1Pet. 2:5).

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het ’n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, dié Gesalfde Een.

Die belangrikste stene in ’n huis is die eerste rye stene wat direk op die fondament gebou word, want naas die fondament gee dit die stewigheid aan die res van die huis. Hierdie stene is dikwels onsigbaar, want dit word deur grond bedek! Is jy en ek bereid om so ’n steen te wees of wil ons ’n siersteen wees?

The Holy Spirit did not come to make them of one accord. He came because they were of one accord! It is not the music that tunes your piano; it's the tuned piano that makes your music –
A.W. Tozer.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.